"Doeltreffende besluitneming en verbeterde dienslewering deur inligtings- en kennisbestuur"

KONTAKBESONDERHEDE

DEPARTEMENT STRATEGIESE-ONTWIKKELINGSINLIGTING EN GIS

Keith Smith: direkteur
Tel 021 400 2796
Keith.Smith@capetown.gov.za

Korporatiewe GIS
Solomon Bhunu: bestuurder
Tel 021 487 2264
Solomon.Bhunu@capetown.gov.za

Eben van Dyk: geomatika
Tel: 021 487 2265
Eben.vanDyk@capetown.gov.za

Mark van der Merwe: ruimtelikedatabestuur
Tel: 021 487 2814
Mark.vanderMerwe@capetown.gov.za

Hannetjie Needham: GIS-strategie en koördinering
Tel: 021 487 2320
Hannetjie.Needham@capetown.gov.za

Strategiese inligting
Craig Haskins: bestuurder
Tel: 021 400 2066
Craig.Haskins@capetown.gov.za

Karen Small: ontleding
Tel: 021 487 2819
Karen.Small@capetown.gov.za

Emille van Heyningen: beleid
Tel: 021 400 4534
Emille.vanHeyningen@capetown.gov.za

Inligting- en kennisstrategie
Kevin Tabisher: bestuurder
Tel: 021 487 2394
Kevin.Tabisher@capetown.gov.za

Kennishulpbronne en steundienste
Ronelle Rudman: bestuurder
Tel: 021 400 2633
Ronelle.Rudman@capetown.gov.za

Burgersentrum faks: 021 400 2715
Keller Huis faks: 021 487 2269

Intranet: http://cityweb.capetown.gov.za/clusters
Internet: http://www.capetown.gov.za

Departement strategiese-ontwikkelingsinligting en GIS



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

ONS MISSIE

Ons missie is om die sleutelverskaffer van inligting en deler van kennis te wees ten einde strategiese beplanning en besluitneming in die Stad te ondersteun. Hierdie missie is gegrond op die oortuiging dat geldige inligting en kennis die sleutelelemente in 'n doeltreffende besluitnemingsproses is.

ONS DOELWITTE

Die Stad Kaapstad moet met beperkte hulpbronne aan 'n wye spektrum ontwikkelingsbehoeftes aandag skenk. Ten einde te verseker dat hierdie hulpbronne doelmatig aangewend word, is behoorlike ontwikkelingsbeplanning en besluitneming gegrond op die regte inligting en kennis noodsaaklik.

Die doel van ons departement strategiese-ontwikkelingsinligting en GIS is om die gebruik van inligting en kennis te versterk om sodoende tot die toekomstige ontwikkeling van Kaapstad by te dra. Ons beoog om dit te bereik deur:

- Stelsels en prosesse te ontwikkel om die deel van inligting en kennis deur die hele organisasie te bevorder;
- Vernuwende en beste praktyke te deel;
- Navorsing, tersaaklike ontleding en vertolking van inligting te doen.

ONS DEPARTEMENT

Ons departement bestaan uit vier takke wat almal daarop gerig is om ons kliënte se werk te ondersteun en die Stad se diensleweringsprogram te versterk.

Korporatiewe GIS

Hierdie takke lewer 'n geïntegreerde geo-inligtingswetenskap (GIS)-diens aan die Stad. GIS is 'n kragtige instrument in beplanning op plaaslikeowerheidsvlak omdat die meeste inligting uit 'n "ruimtelike" of geografiese komponent bestaan. Die dienste en produkte behels:

- Ruimtelike inligting en ontleding;
- Landmeting en lugfotografie;
- Konsultasie oor GIS & GPS (globaleposisioneringstelsel);
- Ruimtelike datavaslegging en bewaring;
- Kartografie;
- Opnames van grondgebruik.

Strategiese Inligting

Die dienste en produkte behels:

- Verskaffing van ondersteuning ten opsigte van inligting, navorsing, landmeting en beleid aan die Stad se strategiese en stedelike ontwikkelingsprosesse;
- Monitering van nasionale wetgewing en beleid;
- Ontwikkeling van aanwysers, en samestelling van sosio-ekonomiese en demografiese inligting.

Inligting- en kennisstrategie

Die dienste en produkte behels:

- Ontwikkeling, inwerkingstelling en monitering van 'n stadswye raamwerk, beleid en strategie vir geïntegreerde inligtings- en kennisbestuur(IKM);
- Beplanning en ontwikkeling van stelsels en prosesse om te reël dat korporatiewe inligting en kennis gedeel word;
- Verskaffing van IKM-konsultasie ter ondersteuning van departementele inligtings- en kennisbestuursinisiatiewe.

Kennishulpbronne en steundienste

Die dienste en produkte behels:

- Vestiging en bestuur van 'n eenstop- virtuele en fisiese inligtings- en kennishulpbronsentrum vir die Stad;
- Departementele ondersteuning en ontwikkeling.